

Laat sy liefde jou lei: Om geloofsséker te wees

Laat sy liefde jou lei: Om geloofsséker te wees – Milanie Vosloo

Elkeen wat glo en bely dat Jesus die Christus is, is uit God gebore ... 1 Johannes 5:1a

Glo jy met oortuiging dat jy deur die verlossende bloed van Jesus Christus gered is? Of gebeur dit soms dat die debatte in die media en ander mense se sieninge jou aan kindskap laat twyfel?

1 Johannes 5:1-11 gee 'n duidelike antwoord op hierdie tipiese twyfelvrae wanneer Johannes sê dat daar drie is wat getuienis aflê oor ons geloof: *die Gees, die water en die bloed en al drie is dit eens. (5:7)*. Jy kán dus seker wees oor jou redding deur die volgende te onthou:

- Jy is met water gedoop. Daardeur het God bevestig dat Hy jou in sy reddende genade wil insluit en dat Hy die sonde waarin jy gebore is, volkome wil weg was.
- Christus se bloed het vir jǒú gevloei. Die dag toe Hy uitgeroep het: "Dit is nou afgehandel!" (Joh 19:30b), het sy bloed bevestig dat Hy alles vir jou redding gedoen het.
- Die Gees is in jou. As jy Christus as jou Saligmaker gekies het, is die Gees van Waarheid in jou hart. Hy self sal dan in jou die sekerheid plaas dat jy vir altyd sy kind is.

Hoor vandag wéér die sekerheid: God het aan ons (aan jǒú) die ewige lewe gegee, en dié lewe bestaan in 'n hegte verhouding met sy Seun. Hy wat deel het aan die Seun, het nou reeds die ewige lewe...(1 Joh 5:11,12a)

Dankie vir die absolute sekerheid dat ek u geliefde kind is, Vader!

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: *Laat sy Liefde jou Lei*, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning. Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za



skrywer: Milanie Vosloo

Laat sy liefde jou lei: Het jy al gesê: “Stuur my.”?

Laat sy liefde jou lei: Het jy al gesê: “Stuur my.”? – Milanie Vosloo

Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek met ‘n boodskap stuur? Wie sal vir ons gaan?” Ek het geantwoord: “Here, ek sal gaan! Stuur my!” Jesaja 6:8

Het jy al iewers in jou hart gehoor hoe die Gees jou oproep tot ‘n sekere taak? Het Hy dit op jou hart gelê dat jy iets moet doen, ‘n boodskap aan iemand moet bring, ‘n verskil in mense se lewens moet maak of die verlossingsboodskap aan iemand te bring? En ... wat was jou antwoord? Het jy soos Jesaja destyds sonder aarseling gesê: “Here, ek sal gaan!”?

Indien jy wel gehoorsaam aan sy roepstem was, sou jy waarskynlik ervaar het hoe Hy dit absoluut vir jou moontlik maak om daardie taak te doen, hoe Hy woorde in jou

mond lê en hoe Hy jou uit jou skoene uit seën. Hopenlik het daardie eerste ervaring van gehoorsaamheid jou aangemoedig om elke dag in sy diens te staan en beleef jy keer op keer hoe Hy jou toerus vir sy opdragte.

Die wonder van ons Here is dat Hy gewone, maar gewillige, mense in sy diens gebruik. Meer nog, dat Hy al die nodige wysheid, krag, lewensmiddele en toerusting gee wat ons vir die taak nodig het.

Weet vandag: God roep jou wél. Hy het immers vir elkeen van ons baie spesifieke roepings. Weet ook dat, wanneer jy “ja” sê, Hy jou op ‘n duisend maniere vir jou gehoorsaamheid sal vergoed.

Ja Here, ek wil en sal doen wat U my vra. Gebruik my waar U my nodig het.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning. Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za



skrywer: Milanie Vosloo

Laat sy liefde jou lei: Wanhoop of hoop jy?

Laat sy liefde jou lei: Wanhoop of hoop jy? – Milanie Vosloo

Die ryk man het ook gesterf en is begrawe en sy siel het na die doderyk gegaan. Daar, terwyl hy gefolter word, het hy Lasarus in die verte by Abraham gesien. Lukas 16:22b-23

Om sonder God te leef, is om leeg te leef. Om sonder Hom te sterf, vreesaanjaend. Daar word vertel dat Stalin – die man wat verantwoordelik was vir 80 miljoen Russe (die meeste Christene) se dood – se eie dood 'n wrede gesig was om te aanskou. Daaroor het sy dogter gesê: “Dit was 'n nagmerrie om my pa te sien sterf!” Lenin het weer gesterf na 'n nag van geestelike wanhoop waarin hy dwarsdeur die nag vurig om vergifnis vin sy sonde gepleit het. So word daar baie verhale vertel van sterwende ateïste wat op hul sterfbed in doodsangs was ... of in genadebesef na God geroep het.

Geredde kinders van God sterf daarenteen anders. Hulle gaan die ewigheid met 'n stuk vrede tegemoet omdat hulle wéét dat die dood geen verskrikking inhou nie. Hulle is kennelik bewus van die feit dat die dood maar net 'n oorgang is na die vólle lewe saam met hul Here.

Ons kan nie kies waar, wanneer en hoe ons gaan sterf nie, maar so lank as wat ons leef, het ons tyd om te kies hoe ons wil voel ... wanneer ons die dood tegemoet gaan.

Om saam met God die ewigheid in te stap is ... waarlik réde!

Vader, ek wil elke dag van hierdie lewe én die ewigheid sáám met U leef.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning. Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za



skrywer: Milanie Vosloo

Laat sy liefde jou lei: Sterf ... in vrede

Laat sy liefde jou lei: Sterf ... in vrede – Milanie Vosloo

Wanneer dit gebeur – wanneer ons verganklike aardse liggame in hemelse liggame omskep word wat nooit sal sterf nie – dan uiteindelik sal die Skrifwoord waar word: “Die dood is totaal uitgewis, want dit is heeltemal oorwin.” 1 Korintiërs 15:54

Kan inkeer té laat kom? Kan daar ‘n tyd kom wanneer ons kanse om God te kies vir altyd verby is? Ja, leer die Woord ons.

Net soos wat iemand ‘n paar minute voor sy dood gered kan word, kan daardie laaste paar oomblikke ook net té onverwags en té laat kom om nog ons saak met God reg te maak. Geen mens kan dus daarop reken om sy redding tot net voor sy dood uit te stel nie.

Miskien het jy ook al gewonder hoe, wanneer en waar jy gaan sterf? Die feit is: ons wéét nie. En miskien maak dit ook nie saak nie. Al wat regtig saak maak is of ons

nou, terwyl ons nog die kans het, ons lewe aan die lewende God gegee het. As ons dit gedoen het, kan ons maar rustig wees oor die dood en die lewe ná die dood.

'n Chinese kommunis, wat duisende Christene eiehandig doodgemaak het, het op 'n dag aan 'n pastoor gesê: "Ek het baie van julle Christene gesien sterf. Julle sterf anders. Wat is julle geheim?"

Kinders van die Vader het vrede wanneer hulle sterf. Hul geheim? Hul onwrikbare geloof in God en die sekerheid van die ewige lewe!

Here, U is my Verlosser, my Here en my God.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning. Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za



skrywer: Milanie Vosloo